**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**GRAAD 12**

**PROEFEKSAMEN**

**2015**

**PUNTE : 100**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit *6* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A : | Opstel | (50) |
| AFDELING B : | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C : | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ‘n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ‘n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute
   AFDELING B : 40 minute
   AFDELING C : 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A : OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan jou skryfstuk neer.

1.1 Dít is wat ons Springbok rugbyspan moet doen! **[50]**

1.2 Dít inspireer my... **[50]**

1.3 Ek is bly ek het HHS as my hoërskool gekies! **[50]**

1.4 My noue ontkoming. **[50]**

1.5 Genadedood. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



**[50]**

1.6.2



**[50]**

1.6.3




**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Skryf ‘n brief aan jou maat wat oorsee woon en vertel hom/haar van jou toekomsplanne. **[30]**

2.2 **DIALOOG**

Jy het gesien hoe jou maat in die proefeksamen afskryf van notatjies wat hy/sy weggesteek het. Jy konfronteer hom/haar daaroor. Skryf die gesprek wat tussen julle volg, neer. **[30]**

2.3 **HULDEBLYK**

‘n Baie goeie vriend van jou, het doodgegaan. Jy is gevra om ‘n huldeblyk vir julle skool se jaarblad te skryf. Skryf die huldeblyk waarin jy hom/haar eer betoon. **[30]**

2.4 **RESENSIE**

Skryf ‘n resensie oor ‘n goeie boek wat jy gelees het of ‘n goeie rolprent wat jy gesien het. **[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

3.1 **UITNODIGING**

Jou ouers het jou toestemming gegee om ‘n partytjie vir jou 18de verjaardag te reël. Ontwerp nou ‘n uitnodigingskaartjie wat jy aan al jou vriende gaan gee om hulle te nooi na jou partytjie.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Dit is more jou laaste skooldag. Skryf in jou dagboek hoe jy voel en wat jou skoolloopaan vir jou beteken het. Noem ook hoe jy oor jou toekoms voel. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Julle gaan almal in die nabye toekoms vir werksonderhoude. Skryf nou 8 instruksies neer waarin jy vir al jou maats raad gee oor hoe om op te tree gedurende ‘n onderhoud. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 20**

**SOMTOTAAL: 100**